

---

---

## FL 1:10b: 'N BRIEF AAN EUROPA SE EERSTE GEMEENTE [4]

E186

---

---

In v.9-11 sê Paulus vir die Filippense wat die essensie van sy gereelde gebede vir hulle is. Nou kyk ons na v.10b: "*Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees.*"

Laas het ons gesien dat die apostel bid vir toenemende, begripvolle en oorvloedige liefde - sôdat hulle sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Maar dan staan hiêrdie doel ("sodat...") in diens van 'n vólgende en nóg hoër saak. Dis m.a.w. soos twee trapklippe onderweg na die éintlike doel: *dat hulle die wederkoms van Christus "onberispelik" en "sonder blaam" sal tegemoet gaan.*

### "Onberispelik", oftewel opreg

# Die byvoeglike naamwoord (Gr. *eilikrines*), vertaal met "onberispelik" (NAV) of "rein" (OAV), kom net 2 keer in die Nuwe Testament voor - hier en in 2Pt 3:1. Die ooreenstemmende selfstandige naamwoord kry ons 3 keer - 1Kor 5:8; 2Kor 1:12; 2Kor 2:17.

Wat beteken die begrip presies? Volgens die gesaghebbende woordeboek van Louw en Nida dra dit ten diepste die idee van *opregtheid*. Die *innerlike motiewe* is dus *suiwer en onvermeng*.

# Bostaande drie verse in die Korintiër-briewe bevestig dan ook hierdie betekenis van die woord. In Engels word dit daarom as 'n reël met *sincerity* vertaal.

In 1Kor 5:8 kombineer Paulus die begrip met die idee van ongesuurde brood. Waarskynlik was die

Here Jesus se waarskuwing teen die suurdeeg van die Fariseërs, nl. huigelagtigheid, in sy gedagtes - die teenoorgestelde van opregtheid.

In 2Kor 1:12 loop die woord saam met die getuienis van sy gewete - daardie geheimenisvolle en ononderdrukbare innerlike fakulteit wat onder meer alle skynheiligheid uitwys en bestraf - en aandrang op opregtheid.

In 2Kor 2:17 gebruik die apostel die woord as hy sê dat hy sy apostoliese roeping voor die aangesig van die Here "in opregtheid" uitleef (OAV, NIV, NASB ens.).

# Mens kan nooit te veel peil trek op die etimologie van 'n woord nie, maar in hierdie geval verskaf dit vir ons 'n mooi illustrasie om die betekenis van hierdie gebed tuis te bring. Die woord het bes moontlik ontwikkel uit die samevoeging van twee ander: *sonlig* (Gr. *heile*) en *om te oordeel* (Gr. *krinein*). Dan sou die begrip dui op 'n toestand wat die oordeel of toets van helder sonskyn kan deurstaan.

Die winkeltjies van destyds was maar donker en as 'n voornemende koper wou seker maak dat, sê maar, die kledingstuk wat hy wil koop nie vol motgaatjies is nie, het hy dit buitentoe gevat en teen die sonlig gehou. Hy wou dus die kwaliteit en egtheid daarvan toets.

'n Soortgelyke gedagte sit in die Engelse begrip *sincerity*. Die oorsprong daarvan lê in die Latynse woorde *sine cera*, wat *sonder byewas* beteken. Soos vandag was goeie pottebakkerie destyds 'n fyn kuns. En veral het dit daarvoor gegaan om 'n produk sonder enige krakies te maak. Dis egter moontlik om krakies met byewas toe te smeer. In die skemer basaars was sulke toesmeerdery onsigbaar, maar as die item teen die son gehou is, was dit skielik baie duidelik. Kwaliteitsvervaardigers het dus hulle produkte gewaarmerk met die woorde, *sine cera*.

# Paulus bid dus hier vir 'n innerlike suiwerheid, egtheid, integriteit en opregtheid - 'n toestand wat die helder sonlig van God se alwetenskap en standarde kan verduur. Dis 'n hartsgesteldheid wat klaargemaak het met huigelagtigheid en voorgee.

### "Sonder blaam" - vir niemand tot aanstoot nie

# Hierdie is 'n vertaling van 'n enkele Griekse woord (Gr. *aproskopos*) wat slegs twee keer in die Griekse Nuwe Testament voorkom (hier en in Hd 24:16). Die vorm is ongelukkig dubbelsinnig. Dis óf *om self te struikel* (NAV), óf *om iemand anders te laat struikel* (OAV). As ons laasgenoemde aanvaar - soos ek dink ons moet - het ons hier met die *horisontale uitdrukking van liefde* te doen.

Wat Paulus hier bid is dat die Filippense so versigtig sal lewe dat hulle nie sal veroorsaak dat ander mense "struikel" nie - dat hulle dus vir niemand 'n aanstoot sal wees nie (OAV). 1Kor 10:32 beveel: "Moenie aanstoot gee nie, nie aan Jode of aan Grieke of aan die gemeente van God nie."

# 'n Gelowige wat erns maak met hierdie saak sal onthou dat hy 'n voorbeeld vir sy kinders is en deur die wêreld dopgehou word. Hy sal onthou wat die Here Jesus gesê het: "Dit is onvermydelik dat daar dinge kom wat mense laat struikel. Maar ellende wag vir die mens wat die oorsaak daarvan is. So 'n mens kan eerder met 'n groot klip aan die nek in die see gegooi word ..." (Lk 17:1-23).

# Die twee begrippe waarna ons kyk, hang natuurlik ten nouste saam. As ons één ding nodig het om ander nie te laat struikel nie, dan is dit *opregtheid*. Reik evangelisties uit na die kerklose mense van ons dag, en jy sal dadelik te doen kry met verwyte oor die kerk se skynheiligheid, oftewel afwesigheid van opregtheid. Daarenteen is daar beswaarlik 'n karaktertrek wat só 'n appél op mense maak as onkreukbare eerlikheid en integriteit.

Voortdurende in agneming van ander mense is nie huigelagtig nie. Om 'n bepaalde (mindere) iets na te laat ten einde nie 'n broer of suster te laat struikel nie, is nie skynheiligheid nie - dis liefde (Rm 14:1-15:13; 1Kor 8:1-13; 10:23-33).

# Ons dink normaalweg aan liefde as iets wat ek

doen. En dis reg so; die Christelike liefde is dinamies. Maar hier is nóg 'n belangrike manier van liefdesbeoefening: blote in ag neming van 'n ander se geestelike welsyn en Christelike wedloop.

Hoe dikwels gebeur dit nie dat mense ywerig is om liefde aan ander te betoon, maar nie die nodige diskresie het om dit op die regte manier te doen nie. Op die ou end gee hulle meer aanstoot as iets anders. Meermale druk sulke dom yweraars 'n soort "liefde" in mense se kele af wat hulle nóg wil hê, nóg 'n bevel van die Here is.

## Tot op die dag van Christus

Waarom is dit alles so belangrik - waarom lê hierdie dinge aan die hart van Paulus se gebed? *Jesus Christus kom terug!*

# Dit lyk vir my of die Grieks wil sê dat die Filippense elke dag van hulle lewens in opregtheid en versigtigheid moet leef - *met die oog op die feit dat Christus terugkom*. Uiteindelik gaan dit daaroor dat hulle "onberispelik en sonder blaam" (NAV) sal wees op die dag van die wederkoms. Puntenerig moet hulle dus seker maak dat hulle gereed sal wees om die Here op daardie dag te ontmoet.

# As daar ooit 'n man was wat in die lig van die oordeelsdag en die ewigheid geleef het, was dit Paulus. En hy wil hê dit moet ook van sy broers en susters waar wees! Die apostel het geweet dat die dag as die Here terugkom, 'n dag van afrekening en finale beoordeling en beloning sal wees.

Wanneer ons eendag voor die regterstoel van Christus moet verskyn - met die oog op die vasstelling van ons ewige loon - sal min dinge swaarder weeg as die opregtheid van ons gehoorsaamheid in hierdie lewe, asook ons naasteliefde wat ons broers en suster se belange hoër geag het as ons eie.

Lees mens deur die Nuwe Testamentiese briewe, is dit baie duidelik dat die apostels as 't ware dwarsdeur die liggaamlike dood gekyk het en gefokus het op die opstanding en die ewige loon wat

hulle sal ontvang wanneer Christus terugkom.

Sonder twyfel was hulle hierin vir ons tot voorbeeld.

## Twee onontkombare implikasies

1. *Op die dag as ons lewens voor die regterstoel van Christus onder die loep geneem gaan word, gaan die hartsintegriteit van ons Christenskap, asook ons ingesteldheid op en konsiderasie van ons medemens, van die mees bepalende dinge wees.*

Dit hoef ons nie te verbaas nie. Die res van die Skrif bevestig dit oor en oor. Wat, sê die Bybel, kwalifiseer 'n goeie werk wat die Here behaag? Drie dinge: dit moet wees wat Hy uitdruklik beveel het, dit moet in hartsopregtheid geskied, en dit moet gedring word deur 'n hartstog vir Sy eer! En wat is die hart van Christus se bevel aan ons? In 'n neutedop, liefde vir God en liefde vir my naaste!

2. *Hartsopregtheid en integriteit is een van die mees fundamentele kentrekke van outentieke Christenskap.*

As daar een onfeilbare simpton van 'n vals geloof is, is dit huigelagtigheid en skynheiligheid. Want as iemand nie verder kan kom as die uiterlike nie, wys dit onteenseglik op die afwesigheid van innerlike realiteit. En sonder die wedergeboorte - wat 'n geestelike hartoorplanting is - sal niemand die koninkryk ingaan nie.

Dís wat Paulus in gedagte het as hy bid dat die Filippense sal kan onderskei waar dit op aankom!

## Slotwoord

Nadenke en ervaring leer dat die twee kwaliteite waarvoor Paulus hier bid - eerlikheid, opregtheid en integriteit, enersyds, en voortdurende in agneming van my medemens, andersyds - baie dikwels in 'n onderlinge spanning teenoor mekaar staan. As ek eerlik is, neem mense maklik aanstoot. En as ek mense se opinies en gevoelens puntenerig in ag neem, huigel ek voordat ek my oë uitvee. *Hierdie*

*twee dinge moet dus in voortdurende ewewig gehou word.*

Hier sien ons nogeens die wysheid en fyn balanse van die apostel se gebed. En dis nóg 'n rede waarom hy dit nodig ag om vir fyn aanvoeling te bid.

Ook die *Here Jesus* het hierdie spanning geken. Hy wat gewaarsku het dat ons ten alle koste moet vermy om andere te laat struikel, was tog ook vir die Jode 'n struikelblok (Rm 9:33; 1Kor 1:23; Gl 5:11). Juis omdat aanstoot aan Hom so maklik was, moes Hy sê: "... salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie" (Lk 7:23).

Wanneer hierdie twee kwaliteite egter onvermydelik in in botsing kom, moet eerlikheid en waarheid altyd voorrang geniet. Om andere te konsidereer, hou nooit in dat jy allerlei kompromieë sal maak nie!

Wanneer het Jesus onwrikbaar gestaan - al het dit ook die hele wêreld aanstoot gegee? Wanneer dit gegaan het oor Sy gehoorsaamheid aan die Vader - oor waarheid, die redding van sondaars, oor die eer van God. En dis waarom ons kennis en fyn aanvoeling nodig het. Ons moet weet wanneer om onwrikbaar en kompromieloos te staan, en wanneer om rustig toe te gee.

Ons moet eenvoudig leer onderskei tussen die absolute en ononderhandelbare hoekpenne van ons geloof, aan die een kant, en dit wat van minder belang is, aan die ander kant. Mag die Here ons help om die verskil tussen *majors* en *minors* te ken!

## Nico van der Walt

\* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

\* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; E: [nico.vanderwalt@reformed.org.za](mailto:nico.vanderwalt@reformed.org.za) Tel. 044 696 6526, 082 848 9396.

\* Blog: [www.e-preke.blogspot.com](http://www.e-preke.blogspot.com) (met heelwat meer as e-preke)

\* Webwerwe: [www.reformed.org.za](http://www.reformed.org.za) ; [www.sola5.org.za](http://www.sola5.org.za)

\* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

\* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

\* Vorige E-preke is te kry op die eerste webwerf hierbo.

\* Preekopnames: E: [info@nunide.org.za](mailto:info@nunide.org.za) ; T: 012-808 3906